*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 15 Junie 2025**
**Drie-Eenheidsondag**

**"In pas met die Gees van God" – só leef ons ná Pinkster...**

*"Vryheid is waarvoor Christus ons bevry het! Staan dan vas en laat julle nie weer onder 'n juk van slawerny indwing nie! ... julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik, sodat dit aanleiding gee vir die vlees nie, maar dien mekaar deur liefde. ... Die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. ... Almal wat aan Christus Jesus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig. Aangesien ons deur die Gees leef, laat ons ook met die Gees in pas bly."*
(Galasiërs 5:1, 13, 22-25)

Die beloftes van God oor sy Gees, loop deur die hele grote Bybelverhaal. Reeds in skepping van hemel en aarde (Genesis 1:1-2) was die Gees teenwoordig, alomteenwoordig (Psalm 139:7); by die "inblaas" van lewensasem in die aardse, stoflike menslike gestalte was die Gees daar (Genesis 2:7); deur die geskiedenis van die volk Israel in woestyntye en onder konings en profete – God se Gees was teenwoordig, vaardig en 'n inspirasie (Eksodus 31:2-3, Rigters 13:25 en Sagaria 4:6). En die afgelope Pinksterweek het ons Esegiël 36 en 37 in diepte gelees: God neem die hart van klip uit ons binneste, en, *"Ek sal my Gees in julle gee, en julle sal leef. Ek sal julle tot rus bring op julle grond"* (37:14). En só is elkeen *"wat uit die Gees gebore is"*, het Jesus daardie nag vir Nikodémus gesê (Johannes 3:8).

Hoe is iemand wat uit die Gees gebore is?
Hoe weet ek God se Gees woon in my?
Hoe lei God se Gees 'n mens, en waarheen?

Dit was ook vrae in die gemoed van die eerste gemeentes in die provinsie van Galasië, in die ou Romeinse Ryk, en vir wie Paulus juis skryf oor die karakter en optrede van iemand in wie die Gees van God woon en werk – iets ánders as die geestelike beswyminge, die "spreek in vreemde klanke", die ekstases so eie aan van esoteriese godsdienste van daardie tyd. Soos aan die gemeente in die stad Korinte oor "die grootste gawe van die Gees" – liefde vir mekaar (1 Korintiërs 12:31-14:1) – wys Paulus sy lesers op die verandering en vernuwing wat God deur sy Gees in gelowiges se lewens bring. Dat 'n kind van God, gebore deur die Gees, iemand is wat <u>vrygemaak</u> is in Christus. Dat 'n kind van God, al ken hy en sy die innerlike stryd tussen vlees en Gees, iemand is wat die <u>vertroosting</u> deur God ken. Dat 'n kind van God in sy of haar lewe die <u>vrug</u> van die Gees vertoon; daar is groei en rypwording 'n salige verskil. Dat 'n kind van God iemand is wat – in die alledaagse besigwees, doen en late van ons bestaan – met /n <u>verwagting</u> leef, luisterend, in pas met die Gees.

Só is ons geroep om nou, ná Pinkster 2025, te leef, hier, tussen mekaar en op weg...

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Verwelkoming**

**Wydingslied:** "Gees van God wat in my woon" (Lied 442:1 en 2)

**Votum en seëngroet**

**Loflied:** "Bring lof aan die Vader" (Lied 205:1, 2 en 3)

**Herinnering aan die Tien Woorde van 'n Geesvervulde lewe...**

**Verootmoediging:** "Heilig, heilig, heilig" (Lied 231:1 en 3)

**Genadeverkondiging**

**Geloofsbelydenis:** Nicea (sien boekmerkie)

**Danklied:** Lied 245:1

**Gebed**

**Skriflesing:** Galasiërs 5:1-26

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Die Here salf ons met sy Gees" (Lied 440:1, 2, 3 en 4)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 15 Junie | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>(geen aanddiens; langnaweek) |
| Sondag, 22 Junie | 09:30 – Ds. Johan Marais (Nagmaal)<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Janke Hurter: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé). |

Ons Kategese vir die tweede kwartaal het reeds afgesluit.

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

15 Junie Johannes du Plessis, Pieter Joubert en Koos Meiring.
16 Junie Dicky Jordaan, Carla Matthee, Juwan Pool, Juanita Saayman, Jolande Syfert en Werner van der Walt.
17 Junie Kobie Breedt, Megan Herbert, Ordino Kok, Annemé Kruger en Jacques Louw.
18 Junie Mariaan Breytenbach, Suzette Coetzee, Marieta Lamprecht en June Swart.
20 Junie Kobus Breytenbach, Martin Coetzee, Hanli du Raan, Henette Marais en Jenneken van der Walt.
21 Junie Pieter Greyling.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Frank Scheepers (LadySmithstr. 2, wyk 4b); Oom Kowie en Frances Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Corrie Strydom (Woodland Hights, wyk 12b); Tannie Lenie Fourie (Kiepersol Oord 13, Wyk 16); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Nadiha Visser (Genl Van Schoorstr. wyk 3c); Marianne Nel (Sewe Damme 121, wyk 8b); Oom Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11) en Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b). Ons dink ook almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun – mag jul die krag van die Here beleef.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ons gerus in geval van nood, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (18:00) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Jeugkamer: *"Paulus, Jesus en ons – wat glo jý?"* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Jan Lubbe...

**KERKRAADSAKE**

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Junie is **Wyke 11, 12 en 13** aan diens vir ons gasvryheid, Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Gasvryheid nodig:**
Die gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler wat ons verlede jaar besoek het) het 'n uitreik na die noorde, en benodig aandete en oornag vir Vrydagaand, 27

Junie vir ongeveer 30 lidmate – kan jul dalk 'n paar huisves? Kontak die kerkkantoor en gee jou naam en nommer op; baie dankie!

**Verlofreëlings:**
Ds. Johan Marais is vanaf 12 tot 19 Junie, en weer van 23 Junie tot 3 Julie 2025 met verlof.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Geen poeding vanoggend, jammer...**

**"Reünie"!**
Baie dankie aan almal wat van Vrydagaand se aanbieding deur Frank Opperman so 'n sukses gemaak het; aan Gemeentebediening, die vroue en Adrie Hechter, sowel as ons Kerkkantoor – hartlike dank!

**Berg-en-Dal Boekwinkel:**
Kom maak gerus 'n draai in ons Boekwinkel in die Kerkkantoor, vir baie interessante leesstof, boeke vir geskenke, en ander produkte van CLF, BybelMedia en die Bybel-genootskap; ook Bybels in Afrikaans en Sotho te koop, en Liedboeke. Die winkel is elke weeksoggend saam met ons Kerkkantoor oop, ook Sondae net ná die erediens...

**Vroueretreat:**
Vrouelidmate word uitgenooi om 'n stilretreat o.l.v. Magdaleen du Toit by Menuha by te woon, 8 tot 10 Augustus 2025, aangebied deur die NG Kerk Vrystaat. Kostes beloop R 1 900 p/p, en inskrywingsvorms is by die Kerkkantoor beskikbaar.

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter onder-steuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 15 Junie: **NGK Vrystaat Jeugbediening.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005**).

Ons **Spesiale Dankoffer** staan op **R 519 301,48** – ons is baie, baie dankbaar vir alle bydraes tot vanjaar se insameling; ons sluit dit vanoggend af en vra dan ook in jul gebede as gemeente, vir dankbaarheid en wysheid in die aanwending van hierdie dankoffer ter opbou van ons gemeente en uitbreiding van die koninkryk van God hier naby en verder waar daar nood is.

**Vandag is Vadersdag; môre is Jeugdag!**

Kom ons dink aan al die kinders van ons land; hulle wat mét en hulle wat sónder 'n Pa grootword, om watter redes ook al. Kom ons dink aan die Pa's in ons land, onder watter omstandighede en druk hul ook mag verkeer – ons dra ons vaders en kinders op aan 'n Hemelse Vader wat hul ken, liefhet en wil seën.